

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 3 OKTOBER2018

1. OPENING EN VERWELKOMING – Flippie Bezuidenhout open met gebed en George Nezar verwelkom almal teenwoordig.

2. PRESENSIE- Die volgende lede is afwesig met verskoning: FrikNel, Annatjie J van Rensburgen Robbie Landers

3. LIEF EN LEED - Geen

4. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE- die notule word goedgekeur en aanvaar.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE-

5.1 Thusongsentrum – rigtingaanwysers is nog steeds nie aangebring nie – Rdl Anton.

5.2 Kennisgewing van die program om strate wat herseel word vroegtydig aan Belastingbetalersvereniging voorsien moet word.- Rdl Anton

5.3 ‘Light rail transport system” huidiglik nie goedgekeur deur Munisipaliteit

6. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING

6.1 Reebokrif HEV – Tydens vergadering met MM advokaat ThysGillomee, Neil Prins van Regsdienste, Karel Venter van Stadsbeplanning en George Nezar, Flippie Bezuidenhout en Buks Pieterse wat MBBV verteenwoordig het is versoek dat skrywe gerig moet word aan die Regsafdeling met versoek vir leiding vir die ontbinding van die HEV wat nooit tot stand gekom het nie en dat die plus minus R400,000 wat tans in die fonds by prokureurs Scholtz Bruwer is aangewend kan word vir o/a die verfraaiing van publiekeoopruintes in die Reebokrif area.

6.2 Bouwerk op Sondae- Johan Lotter sal skrywe rig aan Karel Venter want dit is onaanvaarbaar en teen bouregulasies.

6.3 Groengordels – Versoek word gerig dat die Brandweer n skedule deurgee van gekontroleerde brande van die fynbos in die area onder toesig van omgewings beamte.

6.4 Algemene jaarvergadering vind plaas op **17 Desember 2018 om 10vm**

6.5 Uitspraak van hofsaak op 17e Okt. van Impala 82 – Rdl Anton sal terugvoering gee

7. BOUINSPEKTEUR–Geen terugvoer, Andre Rayners nie teenwoordig, George Nezar sal opvolg.

8. FINANSIES- onveranderd

9. WEBSITE INSTANDHOUDING - Klaus Oellrich – www.midbrakratepayers.co.za

10. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEE/ RAADSVERGADERINGS

George Nezar en Mike Wray woon maandeliks vergadering by en gee terugvoer.

11. WYKSKOMITEES –Wyk 5

11.1 Vergadering spreek hulle kommer uit oor die astronomiese kostes van voetbrug in Groot Brakrivier.

11.2 Toedeling van fondse vir verfraaiing van area tussen Reeboksaal en Superrette n trimpark word voorgestel.

Wyk 4 – Parkeerarea Beyersstraat Klein Brakrivier – wag vir publieke deelname

12. PROJEKTE - Herbou van R102 – Van Impalaweg tot Leani Kwekery behoort klaar te wees teen 13 Desember 2018

13. BEWAREA-Geen terugvoer oor die beoogde visplaas.

14. POLISIERING/BUURTWAG - Nog geen terugvoer van versoek dat daar n lig in park by Albertiniaweg aangebring word nie. Rdl Anton

Huisnommers wat in donker reflekteer is teen R100 beskikbaar by Buurtwag want in die geval van nood moet huise ge-identifiseer word en meeste van die tyd is daar geen nommers op nie.

Jaques gee ook terugvoer oor misdaad en oproer in ons omgewing.

15. KORRESPONDENSIE - geen

16. PLAASLIKE SAKE

16.1 De Lange Uitb. - Ann Pretorius – groen en blou sake word nie opgelaa nie

16.2 Toekoms - geen verteenwoordiger

16.3 Rheeboek Village/Groenkloof - Andre Smit – nie teenwoordig

16.4 Fraaiuitsig - Frik Nel en Charl Coetzer – Bourommel op Noordsig 53, sinkhuisie op hoek van Patty en Robertson – Charl rig skrywe aan bou- inspekteur.

16.5 Tergniet - Francois Thiart – nie teenwoordig

16.6 Tergniethoogte - Mike Wray en George Nezar -

16.7 Reebokhoogte - Jaques noem dat strate wat oorgeteer is nog nie gemerk is nie

16.8 Reebokrif - Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout

16.9 Reebok: Noord van die spoorlyn - Johan Lotter - ons neem kennis van Johan se voorneme om te verhuis.

Suid van die spoorlyn - Cecil Barry spreek sy bekommernis uit oor die hantering van verkeer tydens spesiale gebeurtenisse en vakansie spitstye in Louis Fourieweg. Wil ook voorkom asof verkeerspersoneel onwillig en/of weerstandig is om verkeer te beheer of glad te laat verloop tydens verkeersopeenhoping en meer spesifiek verkeersknoppe

16.10 Klein Brakrivier - Robbie Landers en Pieter le Roux

16.11 Riverside - geen verteenwoordiger

17. ALGEMEEN – Indeling van portefuljes – Versoek dat die Voorsitter die onderskeie direkteure se kontakbesonderhede sal deurgee. – **reeds op agenda verskaf**

18. VOLGENDE VERGADERING SAL OP WOENSDAG, 7 NOVEMBER 2018 OM 13H00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL PLAASVIND

<u>MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2018</u>	Bespreking
Onderwerp 1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling- voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpsstigting	Nov 2018
2. Stormwatersloot in Kusweg	
3. Sake by Munisipale Regsafdeling: a) Tennisbane- Klein Brakrivier(navraag oor eiendomsreg) b) Erf 264 en271 Reebok (vordering van eiendomsreg)	Rdl Anton Bewarea